

KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 151 14 Desember 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Nabot se wingerd en ons eiendom en erfenis

Daar is 'n paar dae gelede in die parlement oorweldigend gestem ten gunste van onteiening sonder vergoeding. 'n Mens het nie 'n baie vrugbare verbeelding nodig om te dink watter ellende hierop gaan volg nie.

Die geskiedenis van Nabot se wingerd kan nagelees word in 1 Konings 21. Nie 'n presiese parallel nie want koning Agab hét vergoeding aangebied: 'n Ander wingerd of 'n bedrag in silwer.

Vers 3 bevat Agab se antwoord: “*Mag die Here my daarvan bewaar dat ek die erfgrond van my voorouers ooit aan u sou afstaan!*”

'n Mens se erfenis is belangrik, jy moet dit oppas. En as jy nie 'n plaas of 'n huis geërf het nie, het jy tog immers jou Afrikanerwees geërf met al die rykdom daaraan verbonde. Jou taal, jou kultuur, jou geskiedenis.

Maar hoe gaan dit met ons erfenis vandag? Hoe keurig gebruik ons nog ons taal? Hoe goed pas ons nog daardie plekke op waar ons voorouers groot offers gebring het sodat ons kan wees waar ons vandag is? En die monumente?

Geloof is die belangrikste aflosstokkie wat die een geslag aan die volgende moet oorgee. Hoe effektief dra ons ons geloof en

geloofsgewoontes en geloofswaardes oor aan ons kinders en kleinkinders?

Die geskiedenis van Nabot se wingerd moet in ons tyd dien om ons 'n slag wakker te skud en tot verantwoording te roep.

Nabot leef in die tyd van koning Agab. “*Agab seun van Omri het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers.*” (1 Konings 16 vers 30). Agab se grootste sonde was dat hy met 'n vrou getrou het wat op sy kop gesit het. 'n Volksvreemde vrou hom ook stewig op die pad van die afgodediens, weg van die Here geplaas het.

Agab se huwelik met Isebel het ekonomiese voorspoed teweeg gebring – haar pa was koning van Sidon, 'n welvarende Fenisiese hawestad. Ná die huwelik vloei rykdom Israel binne danksy florerende handelsbetrekkings. Ons lees van huise van ivoor! Agab was dus 'n ryk koning. Hy het 'n paleis gehad in Samaria. Wanneer ons nou lees van die paleis in die gebied Jisreël is dit nie die normale paleis nie – dit is die plattelandse paleis, die vakansiepaleis. Dit is langs dié paleis dat Nabot die Jisreëliet sy erfgrond met die wingerd daarop gehad het. Koning Agab wou die wingerd gehad het vir 'n groentetuin, wat ook vertaal kan word met

‘n kruietuin, waarskynlik albei. Vir kos vir wanneer hy met vakansie was.

Maar Nabot het die wingerd geërf van sy pa. En sy pa waarskynlik van sy pa en so terug tot daar waar die land aan die verskillende stamme van Israel toegeken is en die verskillende families hulle grond ontvang het. Dit was spesifiek ‘n wynplasia. Daar was wingerd op en soos ons weet loop boerderylyne in families. Sommige is skaapboere, ander beesboere, ander saaiboere en ander het wingerde. En die kuns van wynmaak word van geslag tot geslag oorgedra.

Maar nou is dit darem die koning wat die aanbod maak om die wingerdgrond te koop! Is dit nie pateties om te sien hoe sommige van ons eie mense vandag oor hulle voete val om hulle erfenis prys te gee ter wille van die rigting waarin dinge in ons land ontwikkel nie? Die oorweging is nie om op te pas wat aan jou toevertrou is nie maar om “in” te wees. En geld – geld kan baie dinge koop. Dit koop mense se siele. Dit koop erfgrond uit ‘n familie in wie se besit dit geslagte lank was.

Jy kry diegene wat nie anders kan nie, die droogte, die opdraendes wat vir boere te steil word het dit noodsaaklik gemaak om te verkoop. Maar die een vir wie sy erfenis belangrik is gaan deur ‘n geweldige worsteling terwyl die een wat agter die geld aan is vergeet hoe daar in die verlede op daardie plaas aan die kombuistafel gebid en gepleit is vir uitkoms en hoe die hande deurgewerk is om te behou en om op te bou. Koning Agab tree ewe ordentlik op teenoor sy plattelandse buurman – hy gaan praat persoonlik met hom – en net daar sal party al verkrummel, die wat kruiperig onderdanig is en dink dat dit hulle iets in die sak sal bring.

Nabot laat hom egter nie verlei of in die versoeking bring nie. Hy is anders as die koning wat sy geloofserfenis verkansiel het vir die welvaart wat ‘n huwelik met ‘n verleidster meebring. Sy waardes is hoër. Sy “nee” het net een motivering – hierdie grond is erfgrond en as sulks onvervreembaar.

Hy bak nie mooi broodjies nie, hy soek nie die konings se guns nie, hy neem nie eers die koning se gemak en gerief en motivering in ag nie. In sy oë tel dit niks. Wat wel tel, en wat al is wat tel, is dat hierdie wynplasia ‘n erfplasia is. Hierdie grond is al geslagte lank in Nabot se familie en hy het die verantwoordelikheid om dit so te hou.

Koning Agab het seker maar bietjie verneder gevoel deur die antwoord. Deur die feit dat ‘n onderdaan sy vaders hoër ag as hom wat die koning is. Tewens hy was kwaad. Hy word neerslagtig en trek hom in sy kamer terug. En nou kom sy vrou Isébel en sy stel haar bose plan in werking. Die leuen is magtig, dit seëvier – Nabot word valslik deur sy eie mense veroordeel en gedood! Die dorpshonde kom lek sy bloed op!

Nabot is dood en Agab vat die grond, ruk die ou wingerdstokke uit en spit om om groente en kruie te plant. Dit is ‘n verdere oortreding – want na regte moes die koning toesien dat die wet van God gehandhaaf word en die grond na Nabot se seun gaan, die oudste, of as daar nie kinders wat nie dat Nabot se broer by sy weduwee vir haar ‘n seun verwerk.

Hoeveel Isebels is daar nie vandag aan die werk nie? Besig om plaasmoorde – waarvan die meer as 2,000 slagoffers getuig dat dit wél iets is wat plaasvind, te beplan nie? Om die grond in die hande te kry. Ons weet van die mislukking van die sg grondherverdelingsprogram. Hoe die nuwe eienaars net sorg vir een seisoen se

bewerking en dan niks verder doen nie omdat daar mos genoeg is vir die volgende seisoen.

En nou die besluit van die parlement.....

Hoe pas u in ons huidige omstandighede u erfenis op?

Dit mag wees dat u familie genoodsaak was om die familiegrond te verkoop of dat die staat dit opgeëis het – of sál opeis sonder om u te vergoed. Maar ken u nog die geskiedenis daarvan, weet u nog hoeveel daar voor opgeoffer is en hoe welvarend dit was? En vertel u dit ter inspirasie oor aan u kinders en kleinkinders?

Gee u toe aan die begeertes van die konings van vandag om u erfenis te koop of te gryp en dit te verander na wat dit nie was nie? Die taalerfenis, die kultuurerfenis, die geskiedenis-erfenis van u vadere? Die geloofserfenis van die martelare en die kerkhervormers?

Kyk 'n mens na hoe maklik kerkgeboue deesdae verkoop word dan wonder jy hoeveel respek daar nog is vir die opofferings wat dit gekos het om dit gebou te kry? Natuurlik is daar soms nie 'n keuse nie. Demografiese verskuiwinge en sulke dinge maak dit dalk juis noodsaaklik om wortels op te trek en te verplant. Maar gaan die erfenis en die waardering daarvan daarmee saam soos in die geval van Rustenburg se verskuiwing?

Steeds sal daar mense wees wat sal sê dat dit alles maar aardse goed is wat nie ewigheidswaarde het nie. Dit is waar. Dit is beslis waar.

Maar God het ons ook op aarde 'n taak gegee en dit sluit in dat ons soos Nabot sal sê: *“Mag die Here my daarvan bewaar dat ek die erfgrond van my voorouers ooit aan u sou afstaan!”*

En dan moet ons nie vergeet dat Agab nie daarmee weggekóm het om die erfplasing van 'n vermoorde man op te eis nie. Elia het hom kom konfonteer. Op dieselfde stuk grond het hy na hom toe gegaan en die oordeel van die Here oor hom aangekondig. Agab se nageslag, hulle wat by hom sou erf, sal uitgeroei word.

Dit het Agab geruk. Hy het berou gehad. Daarom het die Here in genade die straf nie dadelik op hom laat kom nie maar eers later. Agab is in 'n geveg met die koning van Aram gewond en die honde het sý bloed gelek... En sy nageslag is uitgewis.

Daarom: *“... bewaar wat aan jou toevertrou is.”* (1 Timótheüs 6 vers 20b).

Laat ons op aardse tydelike gebied opbou wat afgebreek is en afgebreek word!

Laat ons in ons geloofserfenis vasstaan!

Want per slot van rekening is 'n erfenis 'n geweldige groot genade. Om te ontvang waarvoor jy nie gewerk het nie.

Is u dalk jaloers omdat u nie 'n fisiese erfenis ontvang het nie? Lees dan wat staan in Psalm 119 vers 111 OAV: *“Ek het u getuienisse vir ewig as erfdeel ontvang, want hulle is die vreugde van my hart.”*

Die begrip erfenis is in die Nuwe Testament net so belangrik. In die gelykenisse van die verlore seun (Lukas 15) en die wingerd wat deur die eienaar uitverhuur is (Matteus 21), is duidelike verwysings na die oordrag van eiendom van pa na seun.

Die Nuwe Testament gebruik egter die begrip meestal in 'n geestelike en teologiese sin. Deur Christus is ons erfgename van die ewige lewe. En ongeag hoe ons op aarde verkul en ingedoen en verraai word, ons hemelse erfenis is onverganklik, onbesmet en onverwelklik (1 Petrus 1 vers 4).

Ds Lewis Strauss van die Onafhanklike Hervormde
Gemeente Bloemfontein

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

Bloemfontein: Kerkraad brei uit

Op Sondag 21 Oktober 2018 is die gemeenteskriba Carien Ackerman in die amp van diaken bevestig. Dit gaan goed in die gemeente en daar is 'n groep staatmakerlidmate wat op alle terreine hard werk. Met dankbaarheid word vermeld dat feitlik alle vergaderings van die ampte voltallig bygewoon word!



Op die foto van links na regs verskyn: Oudl Des Lombard (Carien se swaer), diak Huibré Lombard (haar suster), ds Lewis Strauss, diaken Carien Ackerman en haar man diaken Johan Ackerman.

Ingestuur

Bloemfontein vier vyfjaarfees

Die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein het op Saterdag 24 November 2018 dankbaar sy vyfde verjaardag gevier. Die Gemeente huur sedert Mei 2014 die kerkgebou en –geriewe van die APK Bainsvlei. Die eerste erediens is gehou in 'n begrafnisondernemer se kapel waarna die NG Gemeente Fichardtpark sy kerksaal beskikbaar gestel het vir eredienste. Die APK Ringskommissie het via die sensasionale koerantberigte van Desember 2013 van ons bestaan kennis geneem en hulle hulp kom aanbied.

Die feesvieringe het Saterdagmiddag afgeskop met 'n program en ete in die kerksaal. Die bywoning was baie goed en

feesgangers is vermaak met sang deur die talentvolle Hester en Marthie Maree. Daarna het Ina de Wit en David Fourie (voorsitter APK Kerkraad) die voete met klavier en trekklavier laat jeuk. 'n Feesrede is gelewer waarin 'n oorsig gegee is van die gebeure die afgelope vyf jaar in die NHKA en ons vorige gemeente (waar oor Paasnaweke nou geleentheid vir meditasie is by doringdraadkruise en geroeste blikborde). Gebeure in ons eie gemeente, die voortsetting van die ou gemeente na sy ware aard, is met 'n uitstalling uitgebeeld. Na die tafelgebed deur ds Tinus Swart is niks minder nie as kreef en snoek as voorgereg bedien. (In die Vrystaat!) Die hoofete het bestaan uit koue skaapboud en heerlike slaaie. Kozette Strauss het almal wat 'n bydrae gemaak het bedank – die sameweking en opoffering en donasies was van groot betekenis! Marieke Marais het haar feesgedig vorgelees en die oudste lidmaat oom Kosie Pieterse (93) het met sy sterk Kalahari-aseem korte mette gemaak met die kersvlammetjies op die verjaardagkoek. Nee! Daar was twee verjaardagkoeke: 'n Wortelkoek en 'n "red velvet" – albei gebak en versier deur Joanie le Roux!





Die teksvers tydens die dankdiens die volgende dag was 1 Petrus 1 vers 7bc. *“Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.”*

Die gemeente is geïnspireer om de uitdagings van die volgende vyf jaar met geloof aan te pak.



Mosterdsaad

Georden elke Sondag
soos dit Hervormers betaam -
het elkeen van ons geluister
na God's wil vir ons bestaan.
Tog het ons, so tipies mens,
vanuit tradisie - of dalk gemak?
ons selde opgesaal
met kerkfinansies of dogmatiek
- wat nog te sê van leraarspolitiek.
So is dit eens – ons slaap soms vas...
Wragties ook vóór daardie dag!
Ons sien nie die wolwe in hul leraars jas
en luister stom na Dreyer's blaf.
Wanneer het dit als gebeur?
'n Protestant sou dit mos keer!
Maar so is dit toe 'n gedane saak
met “Uit!” sê Dreyer – “Wyk, ék's baas!”

So wéér sit ons bymekaar:
Sondag-kerk, gewyd.
Ons was – soos gewoonte – daar om
God's Woord te leer verstaan.
Maar meteens soos met die Wederkoms
dring die Gees tot elkeen deur:
dis die Swaard van God wat triomfeer
en nie eens vyfhonderd jaar sal God's kind
keer!

Ons word 'n Gideonsbende opgerig!
“Protestant, kom doen jou plig!”

Die Swaard veg voort
deur Gees en Woord
ons kry ons krag van Bo.
'n Handjievol, Jesurun, klein
protesterend teen die bose.

Nou waaksaam wakker
stu ons biddend voort:

'n mosterdsaad –
'n saad vol hoop!

Feesgedig – Marieke Marais

Kommentaar op radioprogram.

Ek het met min verwagting na die radioprogram “Uit 'n ander hoek” op Sondagand 12 November 2018 geluister. Jean Oosthuizen, die aanbieder, stel jou selde teleur. Jy verwag immers niks en gewoonlik is jy jammer jy het geluister. Oosthuizen het 'n aardige opvatting oor wat dit beteken om 'n saak uit 'n ander gesigspunt te bekyk. Gewoonlik word ongelowiges dan aangewend as gespreksgenote om dan een en ander oor “spiritualiteit” opmerkings te maak. Eintlik is dit op die ou end maar net 'n bevraagtekening van die ortodokse geloof. Die tema op Sondag 12 November 2018 was ketterery en dwaalleer met proff. AG van Aarde en H Wolmarans die gespreksgenote. Met 'n baie oorsigtelike verwysery na ketterery en dwaalleer word die Kerk in die

beskuldigdebank geplaas dat daar nie vreeslik mensliewend en akkomoderend opgetree is teenoor kettters in die kerk se geskiedenis nie. Op al die oppervlakkige voorbeelde word nie verder ingegaan nie. Dit is tog genoeg om te se dat die kerklike opsig prosesse tog nog altyd gefunksioneer het.

In die gesprek gee beide Van Aarde en Wolmarans hoog op oor die intellektuele gesprek wat dan oor soveel meerdere kennis sou beskik teenoor die “konserwatiewes” wat deur die kerk verdra sou word omdat die tirannie van die swakke broer die kerk sou rem. Die kerk is nie gereed vir intellektuele gesprek nie. (Ek het hier nogal gewonder of die geleerde here enige begrip het waarvan hulle praat. Konserwatief beteken tog die behoud van die status quo. In die woelinge in die kerk is konstant by Van Aarde geskaar en sy siening is gehandhaaf. Dan is dit mos konserwatief. Dit kan nou nog mos maklik aangedui word op wie die toorn en onverdraagsaamheid van die NHKA sedert 2010 losgebars het – maar dit ter syde om net uit te wys hoe min die gebroeders verstaan.)

Met hulle geweldige klem op intellektualiteit is dit duidelik dat hierdie persone hulleself as die kenbron van die waarheid sien. Van Aarde se dan dat God die oppergesag is, maar dat die Bybel dan nou bloot ‘n getuienis oor die liefde van God is wat krities hanteer moet word. Hy het wel sy eie beskouing oor die Bybel en dit was dan ook hartseer dat hy nie verder hierop ingegaan het nie. Ek sou hom graag meer hieroor wou hoor se omdat ons so meer oor sy Skrifbeskouing sou kon agterkom, maar soos gewoonlik ontwyk hy detail hieroor.

Die belydenis is nog steeds ‘n probleem vir hom. Hy kan die glo nie krities ondersoek soos wat hy met die Bybel kan doen nie. Ek weet darem nie of hierdie verwyd van Van Aarde opgaan nie. Die belydenis kan tog krities ondersoek word in die lig van die Woord van God en dan het die kerk tog ‘n weg wat gevolg word om my kritiek op die belydenis te hanteer. Die beginsel bly nog altyd dat die Kerk saam dink oor Woord en belydenis, nou en met die Kerk oor alle eeue. Die probleem kom egter dat my Skrifbeskouing dan ook uitgespel sal moet word want dan sou aan die lig kom waarom ek ‘n probleem met die belydenis het. Van Aarde kan glo nie sien waar hy van die ortodokse belydenis afwyk nie.

Ek dink die motivering van Besluit 54 waarmee ons die kerk uitgedryf is druk miskien die vinger op die seer. Ons het vanuit die Bybels-reformatoriese teologie probeer om die kerk op die afwykende teologie te wys en te keer dat die kerk die afgrond instort. Panteïsme glo dat God in alles is en alles in god. God is meer as alles, dus god is transendent en tog is alles in god, dus immanent, god is hier en is tog meer as alles. God is nie ‘n persoon nie. Dit sluit die verering van alle gode in. Alles wat mense aanbid is god: songod, maangod, karma, towerspreuke en so aan. Die God van die Christene, die god van die Hindoes, die Moslems, die voorvader aanbidders en die Boeddhiste is dieselfde god. Daar is nie een wat alleen reg is nie. Mense wat hierdie uitkyk aanhang doen dit heel waarskynlik omdat dit so ‘n polities korrekte siening is. Dit is glad nie polities korrek om te glo soos Christene dat jy die enigste een is wat reg is en die ander probeer oortuig van jou siening nie. Terloops, Julian Muller hang panteïsme openlik aan en word sodanig deur die kerk

waar hy lidmaat is aanvaar terwyl Johan Buitendach hom in 'n huldigings artikel steun.

Dit is na 1994 tog baie interessant hoeveel mense nou skielik ook 'n "struggle" geskiedenis teen apartheid wil hê. 'n Mens wonder nogal wat hulle daarmee wil se of bereik. Daarby is daar ook allerhande sinistere samesweringsteorieë wat eintlik bereik nie. Vandaar dat litigasie oor eiendom toegeëien word as persoonlik.

Dit is tog tragies dat sulke intellektueles in hulle omgang met die Skrif nie uitstyg bo die naïewe Angus Buchan nie. Dit is net so erg dat intellektuele en wetenskaplikes hulle nie aan een van die beginsels van die wetenskap naamlik kontrole wil verbind nie. Wat hierdie sogenaamde intellektueles uitdink in hulle ongekontroleerde teoretisering word dan as waarheid voorgedhou. Dit het met kritiese wetenskap maar min te make.

In die deformasie van die Kerk moet Woord en belydenis natuurlik afgetakel word en daarom sal die Kerk ook verwyrt dat hy harteloos is en natuurlik nie "my geregtigheid" gelyk gee.

Miskien moet die kwaksalwer geleerdes se oë eerder oopgaan. As jou oë oopgaan word jy gestroop van die sogenaamde wetenskaplike teologie met so baie menslike redenasies en spekulاسie. As jou oë oopgaan is daar nie plek vir brein gimnastiek nie. Waar ons Heiland en Saligmaker self helder en duidelik na vore tree is daar geen plek vir die buikspraak van moderne skrifgeleerdes nie. En as jy maar die Bybel gebruik en alles daarin aanvaar omdat dit die Woord van God is dan vale k in my oormoed terug op my laaste skans – geloof. Dan het

ek heilige grond betree want ek staan elke oomblik voor God en Sy Woord.

Ds Piet Viljoen - Bloemhof

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld ! Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com